

Die ingang vir die skape

Die skape het 'n heerlike dag gehad waar hulle deur die herder versorg en vertroetel is. Nou is dit aand. Die herder het gaan rus en vertrou sy skape toe aan die hekwagter om hulle in die nag op te pas. Dit is dán dat die diewe en rowers toeslaan! Dít is die agtergrond van ons fokusgedeelte. Die Herder, Jesus Christus, het opgevaar na die hemel. Hy vertrou sy skape aan die hekwagters toe (vs 3). Diewe en rowers (vs 1 en 10) dreig om die skape te verskeur en uitmekaar te jaag.

Hoe intens beleef 'n mens dit nie vandag nie! Daar is só baie dinge wat in die kerk van die Here gebeur wat voorwaar lyk asof "diewe en rowers" besig is om die kerk te verskeur. Christus, die evangelie en die liturgie word verdag gemaak. Kerke loop leeg en sy stem word stil. Binne-in kerke word by tye meer aandag gegee aan uiterlike dinge as aan die evangelie. Dit is komplete asof Christus eenkant toe geskuif word.

Nou roep die Here my en jou om die herders van sy skape te wees. Ja, dit is elke kind van God se roeping om die evangelie te verkondig. Wat is jou vertrekpunt? Jesus Christus – Hy is die ingang, die hek, die toegang vir en van die kerk (vs 7). Daar is geen ander toegang tot saligheid nie en daar is geen ander toegang tot die kerk nie as deur Jesus Christus nie. In die kerk mag niks anders verkondig word as Jesus Christus, die gekruisigde nie! Hy is die eerste en die laaste, die alfa en die omega, die begin en die einde (Op 22:13). Deur sy versoeningsliefde aan die kruis het hy die ingang tot die ewige kerk in die hemel vir sy kinders kom oopmaak. Gaan deur die geloof na Jesus toe! Deur Hóm sal jy ingang vind in die volle rykdom van die Hemelse Vader se genade.

Sing: Psalm 23:1

Ds. NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)